EERSTE GELUI

van DIE KERKKLOK

26 Augustus 2018

Dis elke week met verwondering wat 'n mens besef wat alles in die gemeente gebeur. As jy êrens wil inskakel, kan jy die vrymoedigheid neem om die kerkkantoor te bel (028 271 3470) vir kontaknommers. Ons gebed is dat Sondag se erediens vir jou tot groot seën sal wees.

Kerksaal, Eerstelaan 38, om 08:30:

Dr. Chris lei die diens en bevestig nuwe lidmate. Hy is besig met die reeks "Wie is God" en staan Sondag stil by: **Die Seun van God...gee lewende water.** (Die vervulling van die Loofhuttefees)

Skriflesing: **Joh. 4**

Kerk, Vierdelaan 67 om 09:30:

Ds. Steven Sass is die prediker.

Hy lees uit Hebreërs 12: 1-3

Sy tema is:

Hoe bereik ek die eindstreep?

Gemeentesentrum, Disaweg Bettysbaai om 09:00:

Ds. Ben de Wet is lei die diens. Hy lees uit Galasiërs 3: 15-18 en Hosea 11: 1-9.

Tema:
Die Wonderboodskap van die Woord.

DEURKOLLEKTE
Bybelgenootskap

GEBEDFOKUS

Die sinodale kantoor het versoek dat ons vandag spesiaal dink aan alle gestremdes. Bid vir gehoor- en gesiggestremdes. Bid vir almal wat nie meer gemaklik beweeg nie of selfs van ’n rolstoel afhanklik is.

ONS GEE OM

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS …

Ons dink veral aan Mariaan Hattingh: BB3 (☎9939), Kelly Hanekom: BB3, Ettienne Gouws: BB5 (☎9689), Lida Fourie: Bb1, Wilma de Villiers: Ba2, Richard du Toit: Ba2, Piet Morton: Sb1 (☎4241), Frikkie von Wielligh: Bb2, Johan Els: Sa1, Julian Luyt: Sb1 (☎3482), Maria Human: Sc4, Chris Grobler :PB3 (☎8783) en Riti Turner KB1 (☎4917).

KLEINMOND SE KOSTER BREEK WEG

Johan de Clerk neem verlof vir ’n week. Indien die koster vir die kerkgebou of kerksaal benodig word gedurende die volgende week, kan Wessel Coetzee (083 421 4164) gebel word.

GELUKKIGE VERJAARDAG!

Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar. Mag dit 'n jaar van vrede en vreugde in die Kleinmond-gesin van ons Hemelse Vader wees.

26 Augustus:
Johan Burger (BB1)
Mariaan Coetzee (Sa2)
Jacoba de Kock (Sa3)
Kenny Edwards (HK1)
Marianne Gouws (BB5)
Magda Loubser (Sa4)
Annalise Nieuwoudt (PB1)
Nellis Zaaiman (Sb1)

27 Augustus:
Ragie Geustyn (BB3)
Jeanette Hickley (PM2)
Rita Pretorius (KB1)
Fanie van der Merwe (BB1)

28 Augustus:
Willie Brink (PM5)
Pierre du Toit (HK3)
Liz Jansen van Rensburg (Sb3)
Suretta Luttig (Ba1)
Llewelyn Nortje (BB4)
Lucas Oberholster (BB6)
Rassie van ver Westhuizen (HK1)
Ockert van Schalkwyk (PM3)

29 Augustus:
Marlene Metcalfe (Ba1)
Warno Steenkamp (RE1)

30 Augustus
Dirk Crafford (KB4)
Kotie Human (Sb2)
Pierre Kotze (KP)
Willie Oelofse (Sb4)
Joyce Truter (BB 01
Hermie van der Merwe (Ba1)
Hermien van Zyl (KB4)

31 Augustus:
Cai Classen (Ba1)
Christo de Bruyn (PM5)
Attie Greyling (KB2)
Hein Groenewald (BB4)
Hettie le Grange (PM1)
Wilmine van Heerden (Sa3)
Pieter Zeeman (Ba2)

1 September:
Lettie Ferreira (PM1)
Elsa Grové (Sa1)
Tiaan Schoeman (Bb3)
Dayna Stofberg (Sa3)

WEEK SE AKTIWITEITE

Sondag	18:00	Bybelskool in die kerksaal Tema: Die Tiem Gebooie in 2018
Dinsdag	16:30	Gebedsgroep bid saam in die konsistorie
Woensdag	09:00	Normaalklas vir Vrouebybelstudie
Donderdag	16:00	Kooroefening
	19:00	Kerkraadskakeling met VGK

SNOEK-EN-PATAT FEES

Op Saterdag 15 September kan lidmate vanaf 11:30 tot 13:00 heerlik kom saam kuier by die kerksaal. Teen R60 kan jy weskus-snoek en patat eet saam met tuisgemaakte brood. En as jy dit liewer by die huis wil eet, is jy welkom om dit as 'n wegneem-ete te kry. Daar sal ook basaar-poeding teen R10 'n bakkie te koop wees. Ten bate van die boufonds. Kaartjies by die kerkkantoor.

LENTE-TEE

Op 29 September om 10:00 word daar by die sentrum in Bettysbaai 'n tee aangebied teen R60 per persoon.
Die gasspreker is Benescke Janse van Rensburg.
Kaartjies by die kerkkantoor, Albertyn Apteek en die dienswerkers in Hangklip beskikbaar

Kleinmond Getuienisfees 2018
8 tot 11 September

Jesus roep …

Die jaarlikse Getuienisfees roep ons op om weer behoorlik te dink oor ons roeping, ons lewe en gehoorsaamheid aan die Here Jesus se laaste opdrag.

Predikers van Sondagoggend 9 September:

Kerk:
Ds. Richard Verreynne
van World Thrust

Kerksaal:
Ds. Hendrik Saayman

Hangklipsentrum:
Ds. Dirk Coetzee
van Kingfisher

Die Sondagmiddag het ons weer ‘n ete in die Hangklipsentrum vanaf 12:00. Al ons predikers, sprekers en sendelinge wat teenwoordig kan wees, is genooi. Ons nooi ook gemeentelede wat dit graag wil bywoon. Die koste is R60 p.p. Gee asseblief julle name by die kerkkantoor of skakel vir Esther Pretorius (028 273 8627 / 082 786 3100). Bring net asseblief eie drinkgoed.

Let asseblief daarop dat die Getuienisfees ‘n week vroeër plaasvind as die datums op die jaarprogram.

BAIE GELUK
NUWE BELYDENDE LIDMATE

Tydens die saaldiens Sondag gaan vier jongmense in die openbaar bely dat Jesus hul Verlosser is.

Baie welkom:

Pieter-John Kruger

Chris-Marí Barnard

Danelle Mouton

Karin Toerien

Leraars:

Ds. S Sass 072 352 8347 sasssteven@hotmail.com
Dr. CN Malan 072 198 7279 drchrismalan@outlook.com
Kerkkantoor: 0282713470 nelineburger@gmail.com
Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za
Facebook: NGK Kleinmond.